# CUSTODIANS
## OF PROFESSIONAL HUNTING & CONSERVATION SOUTH AFRICA

CPHC-SA SAPS Accreditation Number: 1300141
Email: admin@cphc-sa.co.za | Website: http://www.cphc-sa.co.za

**PRETORIA: 6 December 2022.** CPHC-SA se Uitvoerende Komitee-lede is op 25 November verkies en bevestig tydens die organisasie se algemene jaarvergadering wat in Morganbaai Oos-Kaap gehou is, waartydens die aanstelling van 'n Hoof Uitvoerende Beampte ook aangekondig is. Die aanstellings is effektief op 25 November 2022 en geldig vir 'n twee-jaar periode, tensy waar anders aangedui. CPHC-SA heet die UK-lede en HUB welkom, en glo dat hul ondervinding en kennis van die professionale jagsektor, hul volledig toerus in hul taak om CPHC-SA se strategiee en doelwitte te verwesenlik.

**Sean Kelly, Voorsitter 2023.** Sean se termyn van 2 jaar as CPHC-SA-voorsitter het in November 2022 tot 'n einde gekom, maar hy is tydens die AJV tot November 2023 as voorsitter herkies. Sean is gebore en getoë in die jagbedryf en het as kind, baie tyd op safari saam met sy pa en kliënte van Garry Kelly Safaris deurgebring. Sean het sy volle professionele jagterslisensie in Suid-Afrika gedurende 2001 verwerf vir beide vlakte- en gevaarlike wild en gedurende 2006, 'n lisensie in Tanzanië waar hy sedertdien jag. Hy dien die afgelope 4 jaar op die raad van die African Professional Hunters Association (APHA) en is tans die tesourier van APHA.

**WJ Theron, Vise-voorsitter en tesourier.** WJ het as kind in die Vrystaat provinsie opgegroei, as 'n passievolle jagter en natuurbewaaarder met sterk wortels. Nadat hy verskeie gevaarlike wild en ander SA Wildlife College (SAWC) kursusse voltooi het, het hy ook gedurende 2017 sy professionele jaglisensie in Suid-Afrika vewerf. Hy het gedurende 2018 by CPHC-SA aangesluit en dien sedert 2020 as UK-lid. WJ is ook 'n gekwalifiseerde APNR reservaat verteenwoordiger en het jag/bewarings- en korporatiewe verhoudingservaring (M. Com Ondernemingsbestuur, Bemarkring) van 15 jaar gekombineerd.

**Craig Kelly-Maartens, Verkose Voorsitter.** Craig se grootwordjare in die jag- en dienstebedryf het die grondslag gelê vir sy loopbaan in die professionele jagbedryf. Hy het sy vlaktewild professionele jaglisensie in 1999 verkry en sy gevaarlike wildlisensie in 2003. Hy het al jagte in talle Afrika lande gelei, insluitend Mosambiek, Tanzanië, Zimbabwe, Zambië, Botswane en Suid-Afrika. Hy is 'n stigterslid van CPHC-SA (2017) en het vir 'n jaar op die UK gedien voordat hy tot die UK verkies is.

**Mev. Adri Kitshoff-Botha, Hoof Uitvoerende Bestuurder.** Adri het gedurende haar loopbaan van byna 20jaar (2001 – 2020), die posisies beklee as Hoof Uitvoerende Beampte van drie prominente nasionale lede-organisasies in die Suid-Afrikaanse jag en wildbedryf. Adri het gedurende hierdie tydperk 'n omvattende netwerk van rolspelers plaaslik en internasionaal opgebou, insluitend die Suid-Afrikaanse en internasionale jagtoerisme sektor, die Suid-Afrikaanse wildboerdery sektor, provinsiale en nasionale staatsdepartemente, media en verskeie nie-regeringsorganisasies.

**Ander UK-lede. Hermann Meyeridricks, Mark Ivy en Warrick Ferrar** is nuut verkose tot die UK vir 'n termyn van twee jaar, terwyl **Mike Currie en Paul Stones** beide hul tweede jaar van hul twee-jaar termyn as UK-lede sal uitdien.

**Navrae: ceo@cphc-sa.co.za**